

5

HOE ANTWOORD EK OP GOD SE BELOFTES?

Ek volg vir Jesus

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet uit dankbaarheid in die voetspore van Jesus iets gaan doen.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat Jesus vir ons die beste voorbeeld is van hoe ons moet lewe.

Gesindheid

Ons moet dankbaar wees vir die voorbeeld wat Jesus vir ons kom stel het.

Vaardigheid

Die kinders gaan in die voetspore van Jesus uit dankbaarheid iets doen vir die gemeenskap.

MEER INLIGTING (Markus 8: 34 – 9: 1)

Petrus het bely dat Jesus Christus die Messias is (8: 29b). Daarmee het Petrus gesê dat Jesus die Seun van God is. Hy het ons verlos van al ons sonde. Hy gee vir ons die ewige lewe. Jesus sê as 'n mens hierdie dinge glo en bely, moet jy drie dinge doen: Jy moet jouself verloën. Jy moet jou kruis opneem. Jy moet vir Jesus volg.

Wanneer 'n mens iemand verloën, beteken dit dat jy daardie persoon in die steek laat, jy maak of jy hom nie ken nie, terwyl jy hom wel ken. As jy iemand verloën, dan is hy of sy nie meer vir jou belangrik nie. So 'n persoon maak nie meer vir jou saak nie. Dit, sê Jesus, moet ons met onself doen as ons agter Hom wil aanloop en sodoende ons lewe wil red. Ons moet nie vir onself die belangrikste wees nie. Ons moet nie in die eerste plek saakmaak nie, maar Jesus moet. Ons moet vir onself nie meer die belangrikste wees nie. Jesus moet die belangrikste wees. Ek moet ander mense liefhê net soos ek myself liefhet. Ons moet eerder aan God en aan ander mense goed doen, as wat ons aan onself wil goed doen. Ons moet dit vir ander mense lekker maak om saam met ons te wees.

Jesus sê ook dat ons ons kruis moet opneem. In die tyd toe Jesus op aarde geleef het, het die Romeine mense wat moord gepleeg het en opstande veroorsaak het, gekruisig. Na die hofspraak waar hierdie mense skuldig bevind is, moes hulle die dwarsbalk van hulle kruis dra tot op 'n plek buite die stad waar hulle gekruisig sou word. Hierdie dwarsbalk was van hout, en baie swaar. Een mens het swaar daaraan gedra. Terwyl hy dit gedra het na die plek waar hy gekruisig word, het mense langs die pad gestaan en hom gespot en vir hom gelag.

Wanneer 'n mens God eerste stel en aan ander goed doen, lag mense baie maal vir jou en hulle spot jou. Wanneer jy vir jou vriende sou sê dat hulle nie moet vloek of die Here se Naam misbruik nie, gaan hulle heel moontlik vir jou lag en jou spot. So dra ons ons kruis wanneer ons eerder doen wat God van ons vra as dit wat mense van ons vra.

Baie keer word daar groepsdruk op ons uitgeoefen. Ons maats wil byvoorbeeld hê dat ons sekere dinge saam met hulle moet doen. Dit is partykeer dinge wat ons weet verkeerd is in die oë van die Here. Wanneer ons daaraan toegee, dan is ons in by ons maats. Wanneer ons nie daaraan toegee nie, skuif ons maats ons dalk uit die vriendekring uit omdat ons nie inpas nie. Om jou kruis op te neem, beteken om nie aan die groepsdruk toe te gee nie, al word jy deur jou maats uitgeskuif.

As ons vir onself nie meer die belangrikste is nie en ander liefhet soos ons onself liefhet, as ons gespot word en mense vir ons lag omdat ons eerder aan God gehoorsaam is as aan mense, dan maak ons soos wat Jesus sou maak, en dan volg ons Hom.

Hoekom moet ons Jesus volg? Toe ons gedoop is, het God 'n verbond met ons gemaak. Hy het gesê: *Ek sal jou God wees, maar jy moet my kind wees*. Ons kan net God se kinders wees as ons maak soos wat Jesus sou maak, as ons Hom volg.

Hoekom wil ons God se kinders wees? Dit maak ons gelukkig. Hoe só? God versorg sy kinders met net die beste gewes. Hy verlos sy kinders van die sonde en die dood. Hy staan sy kinders by en vertrou hulle as daar swaarkry en bekommernis is.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Berei kaartjies voor waarop die seëngroet opgebreek is (twee of drie van elke sinsnede): Die genade / van ons Here / Jesus Christus / en die liefde / van God / en die gemeenskap / van die Heilige Gees / sal by ons / almal wees.
- Een skoon A1-karton vir elke kind.
- Tref finale reëlins vir die uitstappie na een van die plekke soos hieronder genoem by IETS OM TE DOEN. Sorg vir vervoer, en neem die geskenkies saam.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Gooi die kaartjies van die seënbede op 'n tafel uit en laat die kinders dit in die regte volgorde kom uitpak.
- Kontroleer of hulle met hulle ouers se hulp tuis die volgorde neergeskryf het waarin die verskillende dele van die erediens op mekaar gevolg het en of hulle dit ken.
- Vind uit wat hulle hulle ouers gevra of wat hulle vertel het oor die volgende in die erediens:
 - Wat in die preek was vir hulle die *mooiste*?
 - Het die liedere by die preek gepas?
 - Het die dominee oor hulle nood in sy of haar gebed gepraat?
 - Wat is daar wat hulle nie verstaan het nie? (Het hulle die dominee gebel en gevra wat hy of sy bedoel het?)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Wanneer iemand vir ons iets besonders gee, is dit goeie maniere om *dankie* te sê. Daarmee wys ons dat die geskenk vir ons spesiaal is en dat ons dit sal oppas. Wanneer ons dankie sê, moet ons dit ook bedoel.

Ons het uit die vorige lesse geleer dat God vir ons so baie dinge gee. Hy versorg en beskerm ons. Hy help wanneer dit moeilik gaan. Hy verlos ons van die sonde en dood, en baie meer.

Hoe sê ons hiervoor vir Hom dankie? Ons sê vir God dankie deur te gaan doen waarvan Hy hou. Die manier waarop ons lewe, is 'n bewys dat ons dankbaar is. As jy erkenning aan die Here gee en dankbaar is vir wat Hy vir jou doen, as jy jou ouers en alle ander mense met respek behandel, is dit 'n bewys dat jy doen waarvan die Here hou. Dit maak van jou 'n dankbare mens.

Jesus leer ons dat ons ons dankbaarheid teenoor God wys as ons nie die belangrikste wil wees nie, maar as God die belangrikste is en as ons ander mense se belange net so hoog ag as ons eie.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van **MEER INLIGTING** aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon Jesus se drie opdragte in Markus 8: 34 en wat dit beteken:

- Jy moet jouself verloën. *Ons moet nie vir onself die belangrikste wees nie. Jesus moet die belangrikste wees. Ek moet ander mense liefhê net soos ek myself liefhet.*
- Jy moet jou kruis opneem.
 - *Ons dra ons kruis wanneer ons eerder doen wat God van ons vra as dit wat mense van ons vra.*
 - *Ons gee nie toe aan groepsdruk nie, al word ons deur ons maats uitgeskuif.*
- Jy moet Jesus volg.

- *As ons maak soos wat Jesus sou maak, dan volg ons Hom.*
- *Ons is vir onself nie meer die belangrikste nie.*
- *Ons het ander lief soos ons onself liefhet.*

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders 'n slagspreuk op die A1-karton skryf om te wys hoe ons met ons manier van lewe kan antwoord op God se goedheid. Hulle name moet daarby wees. Sit dit teen die muur vas. Gee voorbeelde:

- **Kobus sê: Om die Here te ken, is die lekkerste op aarde!**
- **Ansie se leuse: Pas jou vriende op!**


Reël saam met die kinders **een** van die volgende uitreike op 'n tyd wat julle almal pas – 'n Saterdag- of Sondagmiddag, of enige ander tyd:

- Mense in die gevangenis.
- Kindersale in hospitale.
- Die kankerafdeling by die hospitaal.
- 'n Besoek aan die plaaslike polisiestasie.
- Enige ander mense in julle omgewing wat in nood is.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle vir 'n vriend SMS op die selfoon hieronder (in SMS-taal) oor hoe hulle dankbaar moet lewe vir wat God vir ons doen.



LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Om jouself te verloën, beteken om nie te dink dat jy die belangrikste is nie, maar om te weet dat God die belangrikste en ander mense net so belangrik soos jyself is.
- Ons dra ons kruis wanneer ons eerder doen wat God van ons vra as dit wat mense van ons vra, al moet ons swaarkry as gevolg daarvan.
- Ons volg Jesus as ons maak soos Hy sou maak.
- Hoekom wil ons God se kinders wees? Dit maak ons gelukkig.

AFSLUITING

Lees Gesang 505: 1 en 2, en doen 'n gebed.

*Jesus, U gaan voor –
ons volg in u spoor.
U ken alle lewenspaaie,
al die hoogtes, dieptes, draaie.
Kom en vat ons hand
na die Vaderland.
Jesus, U gaan voor –
ons volg in u spoor.
Laat ons selfs in donker dae
altyd volhou sonder klae.
Ons wil soms bly staan
as U voorwaarts gaan.*